Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

In die kragveld van die Gees



In die besigheidswêreld word gepraat van ‘n kragveldontleding, ‘n raamwerk ontwikkel deur Kurt Lewin, wat gebruik word om doelwitte te ontwikkel en verandering te inisieer in organisasies. Kragveldontleding kyk na die kragte wat daar alreeds is en benut kan word op die pad vorentoe.

In en saam met Christus staan ons op in ‘n nuwe lewe saam met God. Om die ewige lewe te ontvang, is om in ‘n nuwe lewe, eintlik ‘n nuwe werklikheid, saam met God te wees. Ons het nou ‘n nuwe lewe met ‘n nuwe identiteit. Maar nog meer: Ons ontvang ook die Heilige Gees. Jesus gee nie net die Gees aan ons nie – Hy is self ook deur die Gees by en in ons.

Geen wonder dat Petrus met oorgawe kon skryf: Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien.

Op Pinkstersondag, die eintlike geboortedag van die kerk, word ons bewus van die kragveld van die Gees waarbinne ons leef en werk.

Breda Ludik

Dit is Breda Ludik se wens om sy bediening na aftrede voort te sit. Hy het met die oog daarop met die Church of Scotland begin onderhandel. Hy was daar vir ‘n kursus en evaluering en hulle het hom laat weet dat hulle baie graag aan hom die geleentheid wil gee om sy bediening daar te kom voortsit, wat in ons terme beteken dat hy ‘n beroep daarheen ontvang het. Ons is baie dankbaar vir Breda, maar besef ook dat hy ‘n paar groot besluite in die volgende paar dae sal moet neem. Ons dink aan hom en bid vir hom vir groot wysheid.

Sondag 9 Junie

Pinksterfees

08:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
08:30 Klassiek	Hannes Theron
10:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
10:00 Informeel	Hannes Theron
10:00 Jeugaktiwiteite	Jeugsentrum
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Breda Ludik
10:30 Internas Studente	Die Khaya
Geen Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Deurkollekte: Harmony Projek

Baie dankie vir die omgeegroep wat ons vandag help met gasvryheid.

Dissipelskap

As jy na die week se geseënde Pinkster graag by 'n disspelskapgroep wil inskakel kan jy net jou naam by die kerkkantoor ingee of vir Hannes Theron laat weet (hannes@nghelder.co.za; 083-375-8443).

Vakansiedienste

Sondae 14, 21, 28 Junie en 8 Julie

08:00 Mediatiewe Diens
09:00 Vakansiediens
10:00 Helderberg Village diens
19:00 Aanddiens in Kapel

Sondag 16 Junie

08:00 Meditatief	Lizette Louw
09:00 **Vakansiediens**	Paul Barnard
Geen Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Lizette Louw
10:30 Internas Studente	Die Khaya
Geen Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Paul Barnard

Bid saam met ons vir die volgende mense:

Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting behandelings
Faan van der Westhuizen - ernstige rugoperasies en beenkanker
Paul van Staden - dementia
Ilze Havenga - wag op nier-vervanging
Emmie van Tonder - chemo-behandeling vir kanker
Adri de Vries - kanker
Lizette van der Walt - kanker
Hanri Botha se ma - ernstig siek
Rina Smit - ICU
Cobus Malan - operasie

Rou:

Ons dink aan Ewood en Helene Rykaart wie se seun in Kanada oorlede is.
Ons dink ook aan Ettienne Gouws, vorige skoolhoof van Parel Vallei Hoërskool wat oorlede is.
Rob Clarke se ma is oorlede, ons dink ook aan hom, Marina en die familie.

Moet ons vir jou bid? Laat weet ons asseblief by die kerkkantoor: 021-851 5582 of ontvangs@nghelder.co.za

WiFi
Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - a&8QS@xS

Baie welkom aan die nuwe lidmate:

Gabriella Fischer - Stellenbosch
Ilze du Preez - Oudtshoorn-Noord
Wessel en Ilze du Toit met hul kinders Phillip en Simon - Stellenbosch
Arabella van der Bijl met haar kinders Jan en Louis - Stellenbosch
Manie en Elza (Afeltra) van der Nest - Strand

Strydom Bruwer, 'n predikant in diens van Bybel-Media, is beroep na Helderberg Gemeente, met opdrag Bybel-Media. Indien hy die beroep aanvaar, word hy deel van die leraarspan en kerkraad, maar is in diens van Bybel-Media (geen finansiële verpligtinge vir HG).
Jaco Moelich, die nuwe leier van Onderlinge Sorg, is tot die kerkraad verkies.
Hiermee word dit in lyn met die Kerkorde en Reglemente aan die gemeente vir approbasie (stilswyende goedkeuring) bekend gemaak.

Selfdegeslagverhoudings

Ons wil graag gesprekruimtes vir gesonde geloofsonderskeidende gesprekke skep waar gelowiges met integriteit, openheid, broosheid en respek aan die gesprek kan deelneem oor die kompleksiteit en sensitiwiteit van die saak rondom selfdegeslagverhoudinge. Uiteindelik gaan die gesprek oor die lewens en menswaardigheid van mede-broers en -susters, en natuurlik ook 'n verantwoordelike Skrifhantering en Skrifuitleg. Belangstellendes vir so 'n gesprek kan hulle name by die kerkkantoor ingee.

Dagboek:

Maandag 10 Junie
Helderberg Uitreik Jaarvergadering

Dinsdag 11 Junie
06:00 Kom bid saam
17:45 Kantory oefen

Woensdag 12 Junie
19:00 Doopgesprek in gesprekskamer

Donderdag 13 Junie
08:45 Bybelstudie in Kapel - stukke is beskikbaar by Ontvangs
17:00 DC, DC4K, S&P en GS afsluiting

Vrydag 14 Junie
Skole sluit

Vrydag 12 Julie
Bordspeletjiesaand vir alle ouderdomme @ 19:00 in die Tent

Kommunikasie, en nog kommunikasie

Ons hoor gereeld: Ek het nie geweet nie. Ons kommunikeer nie effektief genoeg nie. Ons nooi jou na ‘n werkswinkel rondom kommunikasie op 18 Junie van 17:30-19:30 in die Kapel. Kom dink en wonder saam met ons oor ‘n effektiewe en sinvolle kommunikasiestrategie vir Helderberg Gemeente.

BTW terugbetaling

Die gemeente is op 14 Januarie 2019 vir BTW geregistreer. Volgens wetgewing was ons verplig om te registreer aangesien ons huur inkomste R1 miljoen per jaar oorskry. Dit is nou die huurinkomste van ons gebou en hoofsaaklik die Jeugsentrum. Om alles te kroon kon ons die BTW op die Jeugsentrum se bou-uitgawes terugeis.

SARS het Vrydag 31 Mei ’n betaling van R619 636-94 aan ons gemaak en daar is nog ’n klein bedraggie op pad. Die wonder hiervan is dat ons fasiliteite baie goed versorg en benut word om so ’n huur inkomste per jaar te kan regverdig. Die BTW-geld gaan juis gebruik word vir die verdere opgradering van ons fasiliteite. Die instandhouding van ons fasiliteite is op die stadium vir ons ‘n hoë prioriteit. Op die oomblik is die opgradering van die elektrisiteit eerste prioriteit.

Prys die Here vir Sy goedheid en genade.

Nuwe omgeegroep

Seniors: Ons begin ‘n nuwe omgeegroep vir seniors (65-80jr) wat woon in Somerset-Wes (verkieslik Woensdae oggende). Kontak John Walton as jy belangstel by 072 673 6320.



Vir Holiday Club benodig ons die volgende asseblief:

Ontbytpap
Beskuit
Koekies
Langlewe melk
Suiker, koffie en tee

Handig in by die kerk-kantoor

Annette Gerber

Nuwe leier by Aanbidding
Dit is vir my kosbaar om deel te wees van ‘n gemeente wat so groot verskeidenheid van aksies het waarvan gemeentelede kan deel word nl omgeegroepe, uitreikaksies en al die ander bedieninge.

Aanbidding lê my na aan die hart en dit is soveel meer as net musiek! Ek wil graag saam met die aanbiddingspan ‘n ruimte skep vir gemeentelede om ‘n ontmoeting met die Here te kan beleef. Of dit nou tydens ‘n preek is of deel vorm van Lydenstyd of ander spesiale geleenthede in die kerkjaar. Die aanbiddingspan is ‘n kreatiewe klompie mense met ‘n brandende passie vir die Here en hope energie!

Oor haar gesin:
Ons wil graag vir ons kinders leer dat ons ‘n liefdevolle Vader dien. Sekere konsepte is maar nog moeilik vir ‘n 3-jarige, maar hy weet die Here is baie lief vir Hom en hy geniet sy doopdag viering met oorgawe. Al gaan dit op hierdie stadium grotendeels oor die kersie blaas.

Ek is getroud met Johann en ons het twee kinders, Daniël (3) en Anina (7 maande). Ek is ‘n Grondslagfase onderwyseres, maar geniet dit tans om tuis te wees by ons kinders. Teater was nog altyd hoog op my lysie en al kry ons tans nie baie tyd daarvoor nie is dit steeds heerlik om dan en wan ‘n vertoning te gaan bywoon in Artscape. Ek geniet oefening en bied Zumba en BalletRIP klasse aan wat ook die kultuurtenkie vul.

Kom jy saam?

Korttermyn-uitreik na vlugtelinge in Athene 3-18 Oktober 2019

Helderberg Uitreik se Omonia-projek ondersteun hierdie bediening sedert 2017 op verskeie maniere en het al twee korttermyn-uitreikspanne na Athene gestuur. ’n Derde korttermyn-uitreik word vir **3-18 Oktober 2019** beplan.

Die Omonia-span sal ’n behoefte hê aan mense wat bereid sal wees om met die Engelse klasse en die kinderbediening te help. Die span se doel is egter altyd om gapings te vul en te dien soos op die gegewe tydstip nodig is.

Indien jy belangstel of meer inligting oor die uitreik of die bediening wil hê, stuur asseblief ’n e-pos aan projekleier Pia Nänny by pia.nanny@gmail.com

Hier gee ons om vir mense en kinders wat die pynlike pad stap van rou, egskeiding en die uitdagings van enkelouerskap. Ons kom bymekaar op Donderdae vanaf 18 Julie om 18:00 – 20:00.

Wat sê mense oor die programme:

"Single & Parenting is die familie wat ek gevind het en waar ek werklik tuis voel. Hulle was my skouer om op te huil, my bemoediging, 'n oor om na my te luister en my raadgewers. Dit is so inspirerend en leersaam dat ek dit drie keer gedoen het. Ek kon nie wag vir Donderdae nie en het elke week so daarna uitgesien. Sonder S&P sou ek nie hier gewees het vandag nie. Dankie vir elke engel wat op my pad gestuur was."

"Divorce Care en later Single & Parenting het my laat besef dat daar nog mense is wat soos ek is en wat daagliks deur dieselfde tekortkominge gaan as ek. Dat dit waardeur ek gaan normaal is en dat ek *okay* gaan wees. Ek stap my lewenspad nie alleen nie, maar doen dit met God se genade en liefde. Met die belofte dat ek goed genoeg is en ook uniek is in Sy oë en dat die slegte tyding nodig is om my voor te berei vir wat Hy my wil gebruik. Dat vergifnis my vry maak van die boeie van verwyt en kwaad teenoor die persone wat my kwaad aandoen. Ek het geleer om op te staan vir myself, my tekortkominge raak te sien en die beste daarvan te maak. Dis 'n plek waar mede-gelowiges, met dieselfde uitdagings, ware hartsvriende raak en saam planne maak om kop bo water te hou; mekaar ondersteun en mekaar se 'cheer leaders' is en mekaar aanmoedig om ons kinders met liefde en God se waardes groot te maak. Harmony Projek skep 'n veilige plek van aanvaarding en om jouself te wees sonder enige pretensie."

“My name is Chantal Montjies. I have a 9 year old son. My beloved husband passed away 3 and a half years ago. He had a fatal heart attack. As I didn't wanted to see a phycologist, I trusted and prayed to God to lead the way for my healing. I attended a parenting seminar at NG Helderberg where I heard of Griefshare.

Griefshare has helped me tremendously and I have made good friends. The support, caring and encouragement from everyone is just the best. The program was a big help as well and taught me to talk about my grief. My son also love being here. Currently I am doing Single & Parenting which I love. Thanks to Griefshare, the rest of the Harmony helpers and with God at our side me and my son can now look to the future. Thank you God for sending me to Griefshare. God bless you all.”

Hoe kan jy help?

Ons sluit elke reeks af deur vir elkeen ‘n bederfpakkie te gee met eet-goedjies om die vakansiedruk te verlig en ietsie spesiaals in elke pakkie. Ons benodig bydraes soos koekies, beskuit, *hot chocolate*, winkel koopbewyse, klein geskenkies soos grimeer “samples” of enige “stocking ” vuller waarmee ons hul kan bederf. Bydraes kan afgegee word by die kerk-kantoor – gemerk vir Harmonie.

Wanneer is daar weer die kursusse?

Egskeiding, enkelouerskap en verlies van ‘n geliefde aan die dood

HARMONY gee om en daar is ondersteuningsgroepe wat verstaan waardeur jy gaan. Hier vind jy weer hoop vir die lewe en vind jy boublokke wat sal help met die restorasie proses.

Wanneer: 18 Julie 2019 om 17:30 begin eerste sessie
Waar: Helderberg Gemeente
Kostes: R300 sluit in 13 weke program met werksboek en warm ete en baie omgee

Kontak: Annette Botha by 0721 899 360 of 021-851 5582 of harmonyhelderberg@gmail.com

Helderberg Gemeente

Bankbesonderhede

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za
Annette - 021-850 6923

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds

Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*